**GESAMENTLIKE PERSVERKLARING**

**NASIONALE TESOURIE EN DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**AANGAANDE DIE 15DE JAARLIKSE UITGAWE VAN BELASTINGSTATISTIEKE**

**PRETORIA, VRYDAG 3 MAART 2023**

Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die 15de jaarlikse uitgawe van die belastingstatistieke uitgereik.

Die 202 uitgawe verskaf 'n oorsig van belastinginkomste-invorderinge en belastingopgawe-inligting vir die 2018 tot 2022 belastingjare, asook die 2017/18 tot 2021/22 fiskale jare.

Die ekonomiese herstel van die pandemie verskil van die vorige negatiewe skokke aan die ekonomie. Na afloop van die 2008/09 wêreld finansiële krisis, het dit jare geneem voor die belastinginkomste-invorderinge herstel het tot voor-krisis vlakke as 'n proporsie van inkomste en verbruik. Te danke aan die sterk ekonomiese herstel na die pandemie, het belastinginkomste gestyg met R314.1 miljard tot R1 563.8 miljard vir die jaar wat eindig op 31 Maart 2022. Die herstel in belastinginkomste was opmerkend oor alle belastingsoorte, maar veral vir maatskappye inkomstebelasting hoofsaaklik as gevolg van eskalasie in kommoditeitspryse, asook plaaslike belastings op goedere en dienste, wat meeste beïnvloed is deur die instelling van die pandemiese inperkingsmaatreëls.

Sleutel punte in die 2022-uitgawe is:

- Totale belastinginkomste deur SARS ingevorder, het gestyg van R1 216.5 miljard in 2017/18 tot R1 563.8 miljard in 2021/22, 'n groei teen 'n gesamentlike jaarlikse groeikoers (GJGK) van 6.5% oor hierdie tydperk. Dit is aansienlik laer as die GJGK van 8.4% behaal in die vorige vyfjaartydperk van 2012/13 tot 2017/18.
    - Persoonlike inkomstebelasting (PIB) teen 35.5%, belasting op toegevoegde waarde (BTW) en maatskappye inkomstebelasting (MIB) teen 20.7%, in totaal

Navrae: SARS Media sarsmedia@sars.gov.za
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid media@treasury.gov.za of skakel 012 315 5000

bly die grootste bronne van belastinginkomste en behels nagenoeg 81.2% van totale belastinginkomste-invordering.

    - Die belasting-tot-BBP-verhouding het gedaal van 23.8% in 2019/20 tot 22.3% in 2020/21, gevolg deur 'n styging tot 24.9% in die jaar onder hersiening.

- In hoofstuk 2: Teen Maart 2021 het die persoonlike inkomstebelastingregister gegroei op 'n jaarlikse basis met 4.1% tot 23.9 miljoen individue. Die aantal individue wat na verwagting inkomstebelastingopgawes sou indien vir die 2018-belastingjaar, was 7.1 miljoen. Die syfer het gedaal tot 6.8 miljoen vir 2020, en daarna tot 6.4 miljoen vir 2021, vanweë die styging in die drumpel vir indiening van opgawes die afgelope paar jaar. Die deel belastingpligtes wat geïdentifiseer is vir outo-aanslae in die 2020-belastingseisoen, was aansienlik uitgebrei tot net meer as 3.4 miljoen. Aangeslane data vir individuele belastingpligtiges het aangedui dat, van die 6 388 532 belastingpligtiges wat na verwagting sou opgawes indien vir die 2021-belastingjaar, was 5 508 525 (86.2%) aangeslaan. Persoonlike inkomstebelasting, geografiese, demografiese en ander analise van die aanslae van die belastingpligtiges wat aangeslaan is teen einde Augustus 2022 vir die 2021-belastingjaar, het interessante resultate getoon:
    - 2 177 191 (39.5%) was in Gauteng geregistreer;
    - 726 663 van aangeslane belastingpligtiges was in die Johannesburgse metro woonagtig, en was 'n gemiddelde belasbare inkomste van R446 739 aanslaan;
    - 1 432 673 (26%) van aangeslane belastingpligtiges was tussen die ouderdomme van 35 tot 44 jaar;
    - 2 859 926 (51.9%) van aangeslane belastingpligtiges was manlik; 2 613 130 (47.4%) was vroulik; en 35 469 (0.6%) belastingpligtiges kon nie in terme van geslag geïdentifiseer word nie;
    - Aangeslane belastingpligtiges het 'n totale belasbare inkomste van R1.8 triljoen en 'n belastingaanspreeklikheid van R388.1 miljard gehad. Die gemiddelde belastingkoers was 21.4% vergeleke 22.3% die vorige belastingjaar; en
    - Inkomste uit salarisse, lone en ander besoldiging, asook pensioen, oortyd en annuïteite het 77.2% van die totale belasbare inkomste uitgemaak.

- Statistieke in hoofstuk 3 met betrekking tot maatskappye inkomstebelasting (MIB), toon dat van die 1 028 832 maatskappye wat aangeslaan is teen Augustus 2022 vir

die 2020-belastingjaar, het 21.4% 'n positiewe belasbare inkomste getoon, terwyl 53.2% belasbare inkomste gelykstaande aan nul gehad het, en die oorblywende 25.4% 'n aangeslane verlies getoon het.

- Hoofstuk 4 toon dat in 2021/22, 80.0% van die aktiewe belasting op toegevoegde waarde (BTW)-ondernemers maatskappye of beslote korporasies was. Hulle het 92.7% bygedra tot binnelandse BTW-betalings en 91.9% van BTW-terugbetalings uitgemaak. Hoewel individue (alleeneienaars) 14.8% van BTW-ondernemers uitgemaak het, het hulle slegs 2.3% van binnelandse BTW-betalings uitgemaak en het slegs 1.2% van BTW-terugbetalings ontvang.

- Soos uiteengesit in hoofstuk 5, het invoer-BTW en doeaneheffings 13.1% en 3.7% van die jaar se totale belastinginkomste afsonderlik uitgemaak wat 'n 16.8% somtotaal tot gevolg gehad het wat effens laer was as die 17.2% gemiddeld oor die voorafgaande vyf fiskale jare. Die gesamentlike aandeel van hierdie belastings tot BBP het tot 4.2% gestyg van die voorafgaande vyf-jaargemiddeld van 4.0%, met invoer-BTW en doeaneheffings wat 3.3% en 0.9% afsonderlik vir die jaar bygedra het.

- Vir die 2021/22 fiskale jaar:
    - Invoer BTW was hoofsaaklik ingevorder van die uitvoer van *masjinerie en elekroniese produkte* (25.6%); *chemiese produkte* (14.2%); *voertuie, vliegtuie en skepe* (9.7%); *spesiale voorrade* (8.9%); *onedelmetale* (7.5%); *plastiek en rubber* (5.5%); *tekstiel en klerasie* (5.0%), *asook minerale produkte* (4.0%).
    - Die grootste bydraers tot doeaneheffings in 2021/22, was *voertuie, vliegtuie en skepe* (22.7%); *tekstiel en klerasie* (17.3%); *voedsel, drinkgoed en tabak* (14.8%); asook *masjinerie en elektroniese ware* (13.3%).
    - Die algehele effektiewe belastingkoers vir totale invoerbelasting was 11.9% vergeleke die vorige jaar se 12.0%. Sleutel-kommoditeite met die hoogste effektiewe totale invoerbelastingkoerse, was skoeisel en bykomstighede teen 43.6%; huide en leer teen 37.0%; en tekstiel en klerasie teen 30.0%.

- Ten slotte, verskaf hoofstuk 6: ander belastings en invorderings, inligting oor belastings soos kapitaalwinsbelasting (KWB), hereregte, minerale- en petroleumhulpbronne-tantième (MPRR), Suider-Afrikaanse Doeane Unie (SACU)

betalings en dieselterugbetalings. In 2021/22, is kapitaalwinsbelasting (KWB) van R16.2 miljard ingevorder, waarvan R7.7 miljard aan individue en trusts toeskryfbaar was en R8.5 miljard aan maatskappye. 'n Totaal van R189.3 miljard is ingevorder sedert die inwerkingstelling van KWB in Oktober 2001, waarvan R88.6 miljard van individue en trusts, en R100.6 miljard van maatskappye ingevorder is. Minerale- en petroleumhulpbronne-tantième- (MPRR)-betalings deur aftrekkers, het aansienlik gegroei met R 14.2 miljard (100.0%) tot R28.5 miljard, vanweë 'n aansienlike verbetering in die kommoditeitspryse van, onder andere, platinum, ystererts en steenkool. Hierdie groei was teen 'n eksponensiële groeikoers vergeleke die groei van R2.1 miljard (56.5%) in die 2016/17 finansiële jaar getoon.

Die 2022-belastingstatistiekedokumente is beskikbaar op die SARS en Nasionale Tesourie webtuistes by www.sars.gov.za en www.treasury.gov.za.

SARS en Nasionale Tesourie verwelkom die publiek se kommentaar en voorstelle, sodat ons voortdurend die vrystelling se bruikbaarheid ten opsigte van beleid-evaluering kan verbeter, en nuwe insigte kan ontwikkel na Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese konteks. Dit kan per e-pos gestuur word aan taxstatistics@sars.gov.za.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- IsiZulu
- Sesotho
- Afrikaans
- Sepedi
- Xitsonga

EINDE

Navrae: SARS Media sarsmedia@sars.gov.za
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid media@treasury.gov.za of skakel 012 315 5000